

**28 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 127**

**Fokusgedeelte: Psalm 127:2**

### **Sonder God werk ons tevergeefs**

Werk is nie meer die plesier wat dit aanvanklik in die paradys was nie. In die onvolmaakte bedeling waarin ons leef, gaan ons en ons werk gebuk onder die vervloeking as gevolg van die sondeval. Net so af en toe beleef 'n mens die vreugde van sukses en vervulling in jou werk. Die meeste van die tyd is dit egter maar hard en moeilik en 'n gejaag na niks.

Dit het die digter van Ps 127 ook gesien. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat so 'n lewe tevergeefs is. Deur al jou gejaag heen is daar maar altyd die knaende besef dat iets kort! Ek mis iets belangriks in my werk. Ek mis ware vervulling in my werk. Ek mis ewigheidswaarde daarin.

Waarin lê die antwoord dan? In die diep liefdesverhouding wat God met sy kinders het. Die wat Hy liefhet, het nie nodig om hulle lewens so om te jaag nie. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here alles in hulle slaap (vers 2). Wanneer ons in stille vrede, salig onbewus van die verwoede gejaag van die wêreld, ons moeë liggaam en gees laat rus vir die dag van môre; wanneer ons geen enkele aanspraak kan hê om self 'n bydrae te maak het nie – juis dan gee Hy. Dan versorg Hy. Dan gee Hy ons alles wat ons nodig het op 'n volmaakte manier, soos net Hy in sy alwysheid kan doen.

Voel jy of jy tevergeefs werk, dat alles 'n dolle gejaag na niks is? Kyk weer na die kruis op Golgota en die leë graf daar naby! Begin weer in 'n diep liefdesverhouding met God leef! Wag op Hom! Vertrou op Hom! Vir dié wat Hy liefhet, gee Hy alles wat hulle nodig het. Hy gee dit aan ons in ons slaap.

*Sing: Skrifberyming 17:5,6 Ds EJ Smit (Nelspruit)*